**<u>VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN</u>**

**<u>REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA</u>**

Saaknommer: 380/2013

In die saak tussen:-

**<u>MZIWANDILE ALFRED JAKOBO</u>** Applikant

en

**<u>JOHANNES PETRUS LOUIS GRIMBEEK</u>** Respondent

---

**UITSPRAAK IN AANSOEK OM VERLOF TOT APPEL**

---

**<u>CORAM:</u>** KRUGER, R

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 23 OKTOBER 2014

---

[1] Hierdie is ‘n aansoek om verlof om te appelleer teen my uitspraak van 7 Augustus 2014 waarin die verweerder se spesiale pleit van verjaring gehandhaaf is en eiser se eis afgewys is. Soos die praktyk in hierdie afdeling is waar beide partye toestem, is betooghoofde ingedien en word die aansoek op die betooghoofde bereg. Mnr Röntgen, namens die eiser se betooghoofde is op 22 September 2014 by die griffier ingedien, en dié van Mnr Grobler namens die verweerder op 10 Oktober 2014.

[2] Verskeie gronde word in die aansoek om verlof om te appelleer genoem, waarop uitgebrei word in Mnr Röntgen se betooghoofde. Die eerste is dat ek gefouteer het deur te beslis dat die eiser en sy getuies geloofwaardig was, en dat ek moes beslis het dat die verweerder nie ‘n geloofwaardige getuie was nie. Volgens Mnr Röntgen het ek fouteer deur te bevind dat die eiser te lank passief was deur te versuim om vir nagenoeg 10 jaar iets te doen, en dat ek versuim het om in ag te neem dat die eiser ontsteld was omdat, nadat hulle by verweerder navraag gedoen het, hulle onder die indruk gebring was dat alles in orde was. My mening was dat die verweerder nie sy lêer sou vernietig het as daar navrae was nie; die punt was dat die verweerder nie nou meer kon weet wat hy gedoen het omdat hy geen stukke meer het nie. Verskeie ander gronde word aangevoer. ‘n Belangrike oorweging by my was dat die verweerder nie meer sy lêer het nie, en daarom benadeel word. Die leerstuk van verjaring is daarop gerig om die nadeel wat veroorsaak word deur tydsverloop en die vernietiging van dokumente en vervaging van geheues, uit die weg te ruim. Die verweerder word nou benadeel omdat hy sy dokumente vernietig het en nie meer kan onthou nie.

[3] Dit is na my mening nie sinvol om al die gronde te analiseer nie. ‘n Ander hof kan moontlik die aangeleentheid anders benader of op die feite tot ‘n ander gevolgtrekking kom. Na my mening bestaan daar ‘n redelike moontlikheid dat ‘n ander hof tot ‘n ander gevolgtrekking sal kom.

**BEVEL**

1. Verlof om te appelleer na die volle hof van hierdie afdeling word toegestaan.

2. Koste van hiedie aansoek is koste in die appèl.

**A. KRUGER, R**

Namens Eiser: Mnr K.M. Röntgen (Snr)
In opdrag van:
McIntyre & Van Der Post
BLOEMFONTEIN

Namens Verweerder: Adv. J.F. Grobler
In opdrag van:
Symington & De Kok
BLOEMFONTEIN